

Ek juig saam met jou oor al die mooi dinge wat die Here hierdie week oor ons pad gebring, gestuur en laat stort het.🎵🎵

Ek deel met jou my dagstuk se teksvers uit Jesaja 49, wat ek op die lieflike reëndag ontvang het.

Ons fokusteks hierdie week gaan juis oor hoe ons as Jesus-volgelinge swaarkry en lyding moet sien en hanteer.

Moet asseblief nie Sondag, 18/02 se boodskap mis nie. Gerhard Enslin, ons een Teologie student sal dit behartig.

Talitha Conradie, ons ander Teologie student sal Sondag, 25/02 se boodskap bring.

**Jy sal ongelukkig nou vir twee Donderdae geen Nuuskrummels, of Sondag Afkondigings ontvang nie, want Jackie "Vanniekerk" gaan bietjie saam met haar Grotman langs die Weskus rus.🎵🎵 Indien daar enige navrae in hierdie tyd is, is jy welkom om vir Charlene te kontak @ 021 853 5991, of epos: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za).**

## NUUSKRUMMELS: 15 FEBRUARIE 2018

### NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:



Ons nuwe Kerkseisoen (Lydenstyd) het begin:

**KLIK OP HIERDIE SKAKEL vir inligting oor Lydenstyd:**

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/285-lydenstyd>

**Dit het gister op 14 Februarie 2018 begin, met Aswoensdag.....**

Die Loofhuttefees wanneer die Israeliete van palmtakke tydelike konstruksies gebou het om hulle reis deur die woestyn te gedenk en dankbaar te wees vir hulle beloofde land

dien as 'n belangrike verstaan van Aswoensdag. Die palmtakke is na die fees verbrand en die as bewaar. So 3 eeue na Christus het die Lydenstyd begin met Aswoensdag. Op Aswoensdag (Ses en veertig dae voor Paassondag) val die klem veral op die sterflikheid van die mens en op die belydenis van sondes. **Dit is 'n geleentheid vir verootmoediging, berou en sondebelydenis.**

Op hierdie dag word daar soms 'n houtkruis in die kerkgebou aangebring wat gedurende die hele lydenstyd 'n sentrale fokuspunt van elke erediens vorm. Die liturgiese kleur vir Aswoensdag is grys. Die kleur vir die res van Lydenstyd is pers, maar dit verander na bloedrooi vir die Groot Lydensweek wat op Palmsondag begin.

**Kom ons gebruik hierdie lydenstyd om ons verhouding met die Drie-enige God te verdiep.**

**KLIK OP HIERDIE SKAKEL:** <http://formatio1.blogspot.co.za/2013/02/aswoensdag-n-nuwe-begin.html>

en lees die Blog van Ronell oor Aswoensdag en 'n NUWE BEGIN.

*Dit is 'n tyd waarin ons onself voorberei vir die Pase.*

'n Handleiding van 47 dagstukke is beskikbaar (gedateer 2016) om ons op hierdie reis te begelei tot by die kruis en die opstanding daarna. Laai gerus die pdf-weergawe hier af (Engels):

**KLIK OP HIERDIE SKAKEL** <https://app.box.com/s/211jblvh4eo1mvdodja5x8m03egg2hg>

**OF Die "Lent-journey" is ook beskikbaar op die YouVersion Bible App.**

**KLIK OP HIERDIE SKAKEL:** <https://www.bible.com/af/reading-plans/2212-lent-journey>

1. Besoek die webwerf en download die app op jou selfoon (dis ook in Afrikaans beskikbaar)

2. Gaan na "Reading Plans: Lent Journey"

**KLIK OP HIERDIE SKAKEL EN LEES MEER OOR LENT & ASWOENSDAG:**

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/356-aswoensdag-lent>



# TE KOOP BY LOURENSRIVIER KERKKANTOOR: h/v Broadway & Da Gama

Koekies @ R20 per pakkie  
(allerhande soorte asook gemeng)

Beskuit @ R35 per pakkie

Lappiesboontjies

@ R45 p/k  
(vir sop &  
sousboontjies)

Navrae:  
021 853 5991



MOENIE VERGEET OF UITMIS NIE.....

# BURGERAAND!!

## (wegmeem-etes)

**Datum:** Vrydag, 16 Februarie 2018

**Tyd:** 17h00 - 19h00

**Plek:** Lourensriver Gemeente (Kleinsaal) h/v Broadway & Da Gama, Strand

**Kaartjies:** Besikbaar by Kerkkantoor (021 853 5991)

*EFT's kan gedoen word met verwysing "Burgeraand"*

**Navrae:**

**Inbox op FB (LourensriverSeMense)**

**of skakel 021 853 5991**

**Hamburger & Chips @ R40**

**Hoenderburger ("grilled") & Chips @ R40**

**Steakburger & Chips @ R50**



## NUUS UIT KERKE IN OMGEWING:

### PROSEDURE BY 'N STERFGEVAL WANNEER IEMAND NABY AAN MY TE STERWE KOM

Donderdag 22 Feb. 2018 om 10:00 te NG Gemeente **Suider-Strand**

Mnr. Theo Rix van Blue Crane Funerals gaan praat oor: Wie bel ek? Watter dokumente het ek nodig? En sal al die vrae beantwoord. Na die praatjie van mnr. Rix sal ds. Christo Benadé praat oor die proses van verlies waardeur 'n mens moet werk wanneer jy 'n geliefde verloor het. Tee en verversings kan na die aanbieding geniet word. Bywoning is gratis. Nooi asb. ook u familie en vriende. Almal welkom. Kontak asb. die kerkkantoor by 021 854 5076 om te sê of u dit gaan bywoon. Baie dankie.

## NUUS UIT DIE GEMEENSAP:

### ACVV HUIS JAN SWART POTJIEKOSKOMPETISIE

Plek: Lourensrivierweg 120  
Strand

Datum: 24 Februarie 2018

Vanaf: 12:00 - 17:00



Koste: R50-00  
Sluit in: Potjie porsie,  
rys en  
malvapoeding & vla

Kaartjieverkope vanaf 12/02/2018  
by Henriette/Andersa  
by 021 854-3763.

### Verskeidenheid potte om vanuit te kies!



Marius & Jackie Dippenaar  
maak musiek!



Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom!  
Besprekings moet afgehaal word teen 17h00.

## WAT KAN 'N BYBEL DOEN?

Die Helderberglaer van die Gideons nooi u na hul Bybelfondsontbyt waar Dr Dion Foster en lede van die Gideons hierdie onderwerp sal toelig.

Datum: 3 Maart 2018. Tyd: 08H00

Plek : Strand Gholfkklub. Drag: Informeel

RSVP: [gideonshelderberg@gmail.com](mailto:gideonshelderberg@gmail.com)

Koste: R60 pp vooruitbetaalbaar

Bankbesonderhede: Gideons in SA. FNB rek nr 62013426540

Verwysing: u naam/Bybelfonds 2018/ Ontbyt.

Stuur asb bewys van betaling na [gideonshelderberg@gmail.com](mailto:gideonshelderberg@gmail.com).

Indien u vir die een of ander rede nie kan bywoon nie, sal 'n donasie hoog op prys gestel word. Die mikpunt is om genoeg fondse in te samel om 5500 Bybels teen R25 elk te kan aankoop.

Gaan kyk ook na hierdie wonderlike getuienis oor 'n man wat 'n Gideonsbybel in die tronk ontdek het....

<http://blog.gideons.org/2011/10/i-was-smoking-leviticus-dean-mattern-testimony/>

Vriendelike groete, Philip Mohr



The Gideons International



## MEER OOR DIE MAART-UITGAWE:

Ons ry saam op 'n boeke-bus wat hoop vir kinders bring. En vertel van 'n ouma wat deur haar seun se dood en haar eie kanker steeds sê: "God is goed!" Hanna Grobler en Liza Brønner vertel dat hul vriendskap 'n seën van God is. Predikant, Jaco Strydom inspireer ons om te lééf soos ons glo. Vir ouers is daar uitstekende raad oor hoe om vir jou kind 'n emosionele woordeskat aan te leer; oor die verhouding tussen jou en jou kind se onderwyser; en hoe om jou tiener met jou te laat praat. Ons ondersoek hoe om depressie by bejaardes te hanteer. En kyk wat God se idee met die huwelik is. Lees ook van hoopgewers deur die geskiedenis, en van Jesus – ons "Lewende hoop". Maak 'n verskil! 'n Gedeelte van jou intekengeld gaan aan vroeëkinderonwikkeling. LiG se Maart-uitgawe is nou te koop in boekwinkels en supermarkte.

15 Februarie 2018

Liewe Vriende

'n Ware verhaal van hoop, omgee en liefde

Die tweede *Gedenkboek van die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) 1881- 2016*, vertel die buitengewone verhaal van omgee en toewyding van die NG Kerk.

Dit het meer as 'n eeu gelede begin toe twee predikante, ds. William Murray en ds. Christiaan Rabie, elk 'n Dowe seun in hul gemeentes met wie hul die Evangelie wou deel, gehad het. Sedertdien het die lewens van duisende Dowes en mense met gehoorverlies ten goede verander. Om dié boek te lees, is om te verstaan hoe diepgaande die invloed van doofheid is en watter groot invloed die baanbrekerswerk van twee dominees tot vandag toe het, werk wat steeds deur toegewyde personeel van die NID voortgesit word.

Die boek, in pragtige koffietafel-formaat, is duursaam en geskik vir ontvangsareas en tuistes. Al die boeke vervat die trots Suid-Afrikaanse geskiedenis van Doofheid en alle fondse wat uit die boeke verkry word word vir die versorging van Dowes en persone met gehoorverlies aangewend.


Ons glo elke gemeente moet hierdie storie kan vertel, en wil graag die boek aan soveel as moontlik Gemeentes in Suid-Afrika beskikbaar stel sodat lidmate die storie kan hoor. Dit kan vir 'n spesifieke erediens boodskap gebruik word gedurende September, wat die maand vir Dowes is, of om saam te val met die deuroffers wat u gemeente aan NID wei. Dit is ook uiters geskik om vir die plaaslike ouetehuis of laerskool te skenk as bron van inligting.

Vir elke donasie/bydrae van R300 sal een eksemplaar aan u gemeente geskenk word. Sodoende help u donasie ook dat NID hierdie dienste wat die Kerk begin het, met kwaliteit kan voortsit.

Vir 136 jaar vat NID en die Kerk van Suid-Afrika al hande en saam maak ons 'n verskil in die lewenskwaliteit van Dowes en persone met gehoorverlies van regoor ons land.

Om u Gedenkboek/e te bekom kliek op die onderstaande skakel en gee asseblief u besonderhede deur.

Seën en vrede vir u en u gemeente.



NATALE ROELOFSE  
HOOF ONTWIKKELINGSBEAMPTE

**GEDENKBOEK 2**  
1881 - 2016

**SKAKEL NA EPOS: [relations.fr@nid.org.za](mailto:relations.fr@nid.org.za)**



Chriszelda Veldsman

RELATIONS OFFICER  
NID DEVELOPMENT

NATIONAL INSTITUTE FOR THE DEAF  
SINCE 1881 / SEDERT 1881



SINCE  
1881

LEVEL 1 BBBEE  
CONTRIBUTOR

## **KNIEWERK:**

- ✦ Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers. Ons loof die Here vir strome van seën wat reeds geval het en die ingrype tot ons land se leierskorps.
- ✦ Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- ✦ Sannie le Roux by huis, maar bid asb vir gesondheid (kanker)
- ✦ Christa Olivier se suster steeds in hospitaal
- ✦ Marieta Bosman (kankerbehandeling)
- ✦ Piet Nortje in hospitaal
- ✦ Monica Lambrechts terug by Huis Jan Swart (kanker)
- ✦ Etrecia Schoonees herstel na suksesvolle operasie (dankie Here)
- ✦ Joël Kriegler gaan vir bestraling in die week
- ✦ Makkie Marx in hospitaal

## **FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 18 FEB SE BOODSKAP: 1 PET 3:18-22 (EERSTE WEEK IN LYDENSTYD)**

Vers 18: “Ons moenie dink dis net ons wat onverdiend ly nie. Ook Christus het só gely toe Hy eens en vir altyd vir ons sondes gesterf het. Hy het nooit enige sonde gedoen nie; tog het Hy vir sondaars gesterf om julle by God te laat tuiskom.”

In hierdie gedeelte besing Petrus Jesus se kruisiging en opstanding. Hy beskryf die “diepte” van Jesus se verlossingswerk met die beeld dat dit selfs in die doderyk verkondig is. Hy beskryf ook die “hoogte” daarvan met die beeld dat alle hemelse magte nou voor Jesus buig. Deur Jesus se lyding het Hy onregverdiges verlos en ook alle magte aan Hom onderwerp.

Lydenstyd is ‘n tyd van stil word en verootmoediging. Die teks van die week vestig ons aandag op lof aan God vir die omvang van Sy verlossingswerk....

**Kom ons sing saam met Prophet oor ons Redder wat aan die Houtkruis vasgespyker was vir my en jou.... vir elke liewe mens regoor die hele wêreld ♥**  
<https://www.youtube.com/watch?v=KQXsIONr0z4>

**OORGEE, OMGEE, AANGEE**  
Jackie@Lourensrivier

---

Christus Jesus het in die wêreld  
gekom om sondaars te verlos.

*Van hulle is  
ek die grootste.*

-1 Timotheus 1:15-